# SÊ JOU SÊ!
# STAD KAAPSTAD: KONSEPPLAN OP LUGGEHALTEBESTUUR

Die Stad Kaapstad is van voorneme om 'n nuwe luggehaltebestuursplan aan te neem om die bestuur van luggehalte en die beheer van lugbesoedeling in die regsgebied van die Stad te verseker, en om toe te sien dat lugbesoedeling verhoed word, of waar dit nie heeltemal verhoed kan word nie, te sorg dat dit tot die minimum beperk en reggestel word.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid gebied om van 16 September tot 16 Oktober 2023 kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit te rig.

**Kommentaar, insette en aanbevelings ten opsigte van die konsepplan kan op een van die volgende maniere ingedien word:**

- E-pos: Ed.filby@capetown.gov.za
- Skriftelike voorlegging: Eenheid vir luggehaltebestuur, Voortrekkerweg 246, Vasco

Spesiale bystand sal verleen word aan mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met gestremdhede en benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, om hulle insette of kommentaar aan te teken en aan die munisipaliteit voor te lê. Kontak vir Andre Louw by die eenheid vir openbare deelname by 021 400 9809 of AndreA.Louw@capetown.gov.za.

Die konsepplan op luggehaltebestuur sal ter insae beskikbaar wees by www.capetown.gov.za/haveyoursay, by subraadskantore en by Stadsbiblioteke.

**Navrae oor die luggehaltebestuursplan kan aan Ed Filby gerig word by 021 444 2914 of Ed.Filby@capetown.gov.za.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA116/2023

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.